
# Bywoorde Hersiening

## Graad 4: Afrikaans



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Bywoorde

'n **Bywoord** vertel ons meer van die werkwoord. Soos 'n speurder moet ons sekere vrae vra om meer uit te vind oor die werkwoord.

Vanoggend kraai die haan baie eentonig almal wakker op die werf.

**Vanoggend** **kraai** die haan **baie eentonig** almal wakker **op die werf**.

| | | |
|---|---|---|
| **Werkwoord**: | Wat doen die haan? | **kraai** |
| **Bywoord van tyd**: | Kraai wanneer? | **vanoggend** |
| **Bywoord van plek**: | Kraai waar? | **op die werf** |
| **Bywoord van wyse**: | Kraai hoe? | **baie eentonig** |





Laerskool [illegible] ereg ©

# Identifiseer die volgende bywoorde

1. Die motor **ry** vinnig om die draai.
2. Jan **eet** gulsig sy kos.
3. Pieter **spring** hoog in die lug.
4. Die kinders **loop** stadig na die bus toe.
5. Die meisie **huil** saggies.
6. Die kinders **skree** hard toe hulle die slang sien.
7. Pappa **werk** hard vir sy geld.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Kom ons probeer self

Brei die onderstaande sinne uit deur ‘n bywoord by te voeg.

1. Die vrou was die wasgoed. (tyd)
2. Die haan kraai in die oggend. (wyse)
3. Die fietsryer ry om die draai. (wyse)
4. Jy moet my kom help. (plek)
5. Die perd galop oor die veld. (tyd)
6. Die vragmotor ry teen die bult uit. (wyse)
7. Mamma was die wasgoed. (plek)



Laerskool Mikro Kopiereg ©